GESELSBRIEF – 5

'n Gespreksgeleentheid vir gelowiges wat nuut, reformerend en veranderend wil saam praat oor eenheid, verskeidenheid en eendersheid

ONS GESELS VOORT

Mei 2017

GESELSBRIEF 5 van Mei 2017 volg op 'n insiggewende en verrykende **Gespreksforum 2** wat op Saterdag 25 Maart 2017 te Meyerspark Gemeente gehou is. Ons groot dank aan almal wat bygedra het om die dag so besonders te maak, Meyerspark gemeente vir die gebruik van hul fasiliteite, die susters van Meyerspark wat sulke heerlike kos en versnaperinge voorberei het asook al die broers en susters wat die Gesprekforum bygewoon het en so ywerig aan die gesprekke deelgeneem het. Veral bedank ons ook al die sprekers wat met soveel insig en geloofsvertroue sake, wat ons na aan die hart lê, kon verduidelik en ook die pad aandui wat ons in liefde en geloof kan, wil en moet loop.

Dit was ook met hartseer wat ons moes aanhoor, uit verskeie oorde, van die onverdraagsaamheid van gemeentes, individuele lidmate en predikante in die Gereformeerde kerkverband teenoor gemeentes, lidmate en predikante wat verskil oor VIDA, wesentlike en nie-wesentlike sake ens. Daarom is die verwysing na Paulus deur Klasie Heystek in ons oopgesprek oor 'n Reformerende Kerk so treffend: "***Ons heil lê nie daarin om mekaar af te breek en te verskeur nie, maar om na mekaar te luister en saam te bou."***

Thea Heckroodt se bydrae in Dit Laat my Wonder" waar sy met diep geloof en insig die stryd wat tans heers oor wesentlike en nie-wesentlike sake vir haarself verklaar en dan tot 'n bevrydende slotsom kom laat mens weereens besef dat dit waarin ons verskil nie ons Eenheid as Gereformeerde Kerke versteur as ons besef dat ons heil en eenheid lê in Rom. 10:9 nie ("*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word"*).

In **GESELSBRIEF 5** deel ons onder andere graag met u een van die gesprekke van **Gespreksforum 2.** Een van die aangrypendste bydrae van die dag was die van Wim Vergeer oor die ***Toekoms van die GKSA***, waarvan ons hier slegs 'n opsomming en kommentaar daarop tydens en na die Forum gee met 'n skakel na die volledige artikel op ons webblad. In sy derde artikel oor Kerkreg en Art 31 van die KO, skryf Hans Malan o.a. "*Daar is eenvoudig geen bepaling van die KO wat ongekwalifiseerde gehoorsaamheid aan sinodebesluite voorskryf nie, want so 'n bepaling sou die kerke hul gewetensvryheid ontneem en Christus as Koning en Hoof van die GKSA na die kroon steek"* .

Ten laaste het ons 'n besonderse bydrae deur Theuns Erasmus waar hy kortliks van die sake bespreek wat tot die verskille en verwarring in die Gereformeerde Kerk gelei het en gemeentes verdelend laat optree het. Hy merk tereg op dat nie een van die kwessies onoplosbaar is nie en dat eerlike selfondersoek en hartsverandering sal help op die pad vorentoe.

Mag die bydraes in **GESELSBRIEF 5** u ook help om die geloofspad met liefde, geloof en ywer te loop!

Antoinette du Plessis

INHOUDSOPGAWE

Ons gesels voort 1

Oopgesprek 2
Bly Reformerende Kerk
Klasie Heystek

Uit Gespreksforum 2 3
Die Toekoms van die GKSA as Kerkverband
Wim Vergeer (Geredigeer)

Uit alle Oorde 7
Art 31 KO en die Bediening van Christus se Kerkregering
Hans Malan

Dit Laat my Wonder 10
Wesentlik/ Nie-wesentlik en die Ampte in die Kerk van die Here
Thea Heckroodt

Die Pad Vorentoe 12
Oorsig en Besinning
Theuns Erasmus

Redakteur:
Thea Heckroodt van Wapadrant Gemeente

Stuur nuusbrokkies asook e-posadresse van persone wat die ***GESELSBRIEF*** wil ontvang na:

geselsbrief@gkwapadrant.co.za

OOPGESPREK
BLY REFORMERENDE KERK

1. Begin net

As jy iets gedoen wil hê, is die belangrikste stap om te begin!
Martin Luther het 'n brandende dors gehad na 'n genadige en barmhartige God.
Toe? Hy begin soek, bid en lees. Meteens gee die Gees deur Romeine 1:17 vir hom 'n venster op God: *Vryspraak deur geloof alleen* (Rom1:17)

Hy begin die kerkhervorming met *een saak*: Die 95 stellings teen die *Aflaat*.
Hy tref met die een pyl die arrogante, materialistiese, gewetelose boelie kerk, in die hart – genade/verlossing is nie te koop of te verdien nie!

In die 95 stellings van Luther word die ganse evangelie verkondig. Een saak/saad en daar blom die ware kerk!

Netso word die poging tot reformasie (*semper reformanda*) in die GKSA tans grootliks voortgehelp deur ***VIDA*** (vrou in die amp van ouderling en predikant). Heelwat ander sake kom hiermee saam aan die orde: *Skrifbeskouing, – Skrifverklaring en – toepassing; soeke na duidelikheid hoe die Heilige Gees die kerk lei; hoe plaaslike kerk en kerkverband saam funksioneer as liggaam; wat die taak en wese van meerdere vergaderinge is; wesenlike en nie-wesenlike sake, en talle ander kwessies.* Maar VIDA verskaf die vonk.

Vroeër was sake soos Bybelvertaling, hoofbedekking, nagmaalsviering, liturgiese inhoude en vorme, die kerklied en die Omkeer Strategie (steeds) drywers vir reformasie in GKSA.

Tans ontstaan in die kerkverband al meer 'n gees van verdraagsaamheid en liefde om mekaar se Geesgedrewe doelwitte en diversiteit te hoor. Dis die ruimte wat die Gees in die GKSA skep om te reformeer. Ons heil lê nie daarin om mekaar af te breek en te verskeur nie (Paulus), maar om na mekaar te luister en saam te bou

By dit alles staan ons voor die feit dat die GKSA (ander tradisionele kerke daargelaat), besig is om soos 'n dam op te droog. Teen 2050 word 'n totale lidmaattal op net 42 000 belydende lidmate voorsien (Omsendskrywe Pensioenfonds). Baie gemeentes sal nie meer 'n predikant-standplaas kan bekostig nie. Waar lê die fout? By ons? By die tydsgees? Of is hulle wat gered word, maar min?

'n Tyd soos hierdie maak my opgewonde: Waarheen lei die Gees ons?

a) Drie aspekte vir reformasie
Ek noem baie **kortliks net drie aspekte** noem waar die GKSA vandag behoort te reformeer/verdiep. Ware Godsdiens, begin by 'n ware Godsbeeld en Skrifverstaan – soos by Luther. Wie is ons God? Hoe het Hy hom geopenbaar? Hoe wil Hy aanbid en gedien word?

2.1 **Wie is Jesus Christus en hoe sien en ervaar ons Hom vandag?**

Reformeer ons Christologie na eenvoud en realiteit!

Dis die ou vraag: *Wie sê julle is Ek*? (Matt 16:13ev; Op 5:8-14). As ons eenvoudig wil verduidelik wie Jesus is, wat sê ons?

Ek voel om so te sê:
Ja, daar is 'n man gebore in ongeveer 6 vC, geskep, gevorm, gelei deur die Heilige Gees wat self God is. Gebore uit die maagd Maria in Betlehem. Hierdie man Jesus Christus, was honderd persent God en honderd persent mens. God die Vader het hom gestuur om sy skepping te kom terugvat van die Bose. Die wêreld en die skepping weer God se eiendom te kom maak waar vrede en geregtigheid mekaar omhels.

Hierdie een persoon het **alles vir ons (gelowiges) kom doen**: Hy het ons oordeel, straf, vloek, sonde en dood op hom geneem. Met sy lewe daarvoor betaal. Hy regeer/ oefen beheer uit oor ons ellende, siekte, smarte, klimmaatsverandering, oorloë, peste, droogtes, storms, alles. Dis alles objektiewe genade, alles geskenke. Klaar gegee!

Ons sien en hoor sy gekome ryk en regering vandag in koerante, TV-uitsendings, orkane, vredesluitings, bomaanvalle, Moslem aggressie Die nuwe *aioon is hier*, dis God se wêreld. Glo en leef dit! Die koninkryk van God het gekom en is gevestig op aarde. Alles vir ons ten beste (Rom. 8). Die ryk van God is nog nie volkome hier nie, maar tog so dat ons verlos en bevry is en elke dag uit Christus se krag oorwinnend leef. Daarom behoort ons vandag groter werke te doen as wat Christus gedoen het (Joh. 14:12-14). Gebeur dit in en deur die GKSA? Hoekom nie?

(Vervolg op bls. 3)

2.2 **Kom ons maak ons lewe met die Gees baie prakties en konkreet**
Ons smag na 'n eenvoudige en praktiese Pneumatologie!

Christus (en die Vader) het na sy hemelvaart die Heilige Gees gestuur om sy oorwinning en geskenke in ons lewe te realiseer (Joh. 14-16;Rom 8) Die boek Handeling beskryf hoe die Heilige Gees die eerste gelowiges en kerke as't ware op sleeptou geneem het. Lees maar Handelinge 5:12 ev, Genesings deur Petrus. *Tekens en wonders!* As iemand kanker het, sê ons saggies vir mekaar: *Ag,dis verby*. Hoef dit?

Glo ons in die gekome ryk van God? Waar Christus alles objektief aan ons skenk deur ons geloof. Werk die Gees in en deur ons, soos Hy in Jesus gewoon en gewerk het? So word ons *medewerkers van God*. Die Gees laat ons streef, bid, werk, ywer om ons erfdeel in Christus reeds nou meer en meer in besit te neem.

Hoe lei die Gees ons? **Luther** het gesê: *God gee die innerlike dinge nie anders aan ons as deur die uiterlike (per verbum - Bybel) nie*. **Calvyn** het gesê: Die *Gees beperk sy werkwyse nie tot die Bybel nie*, maar gebruik die Bybel *(cum verbo*).

Maar is dit prakties genoeg? Is die pad duidelik hoe ons met die Gees en met mekaar moet lewe? Hoor ons sy stem? Indien nie, hoekom nie? Ons het die bekende vyf sola's van die Reformasie, maar nie 'n *solus testimonium Spiritus Sancti* nie? Dis onmoontlik om by die vyf uit te kom, sonder die Gees. Ons moet mekaar in praktyk leer en wys hoe om deur die Gees te leef.

2.3 **Aktualiseer die evangelie in profetiese leierskap**

Die Gees dryf ons om al meer soos Christus te word: Sy stem, voete, hande in die wêreld te wees. Ons word vernuwe, geheilig, gasvry, standvastig, bekom wysheid. Tog wil die Gees ons wyer aanwend tot eer van God en die groei van sy koninkryk. Saam met ons herskepping gee die Gees ook gawes, vrugte, krag en moed "*om ons eie dinge te doen*". Die Gees waai waar hy wil. Dink aan Martin Luther King se toespraak in 1963, te Washington: *I had a dream*. Onthou Malta se m*ensvriendelikheid* (Hd 28).

Ons het die wonderlikste leer, maar dit raak in onbruik omdat ons dit nie vir vandag aktualiseer nie. Paulus se woorde aan Timoteus: *Onthou wat jy geleer het en van wie jy dit geleer het.* Paulus sê: *Timoteus, doen soos jy geleer is en gesien het*. Die moderne mens keer sy rug op dogma, daarom word hulle verdwaaldes, teologies en andersins. Die kerk is God se skool, tempel, dienssentrum en weermag waar sy kinders prakties opgelei en versterk word om in die lewe uit te gaan. Slaag ons?

Klasie Heystek

UIT DIE GESPREKSFORUM

DIE TOEKOMS VAN DIE GKSA AS KERKVERBAND

('n Kort opsomming van die aanbieding van Wim Vergeer by Gespreksforum 2 met kommentaar soos uitgespreek na aanleiding daarvan, bygewerk deur Theuns Erasmus)

Die volledige voordrag soos gelewer is beskikbaar op: http://www.wapadrant.co.za/gespreksforum-2---gehou-op-26mrt2017-eenheid-en-verskeidenheid.html

Wim beklemtoon aan die begin van sy voordrag dat dit sy eie mening is wat hy slegs in breë trekke stel. Sy kommentaar is spesifiek gemik op die Gereformeerde Kerkverband en nie op spesifieke plaaslike kerke of predikante nie. Sy relatief donker prentjie oor die toekoms is gerig op die kerkverband soos ons dit vandag ervaar en NIE van God se Koninkryk nie. Sy siening oor laasgenoemde is baie positief.
Hy struktureer sy bydrae rondom sy siening en ervarings van die verlede, hede en oor die toekoms.
Die verstaan van die verlede verdeel hy in drie fases, naamlik a) ontstaan en groei van die GKSA; b) die keerpunt ongeveer teen 1988; c) die agteruitgang sedertdien

Met verwysing na die ontstaan en groei van die Gereformeerde Kerk, (eerste fase), herinner hy ons daaraan dat, benewens ander probleme, een van die hoofredes vir die destydse wegbreek van die Ned. Herv. Kerk ***gewetensbinding*** was. Ingevolge 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering op 11 Januarie 1859, is die sing van Evangeliese Liedere wat ***nie aan die Skrif getoets is nie,*** op elke gemeente afforseer.

(Vervolg op bls. 4)

Gereformeerd-gesindes in die kerk se versoek was eenvoudig: Laat dit aan die vryheid van elke plaaslike kerk oor. Die billike versoek is egter geweier en 15 persone het op 10 Feb 1859, ter wille van hul gewete, die kerkverband verlaat.

Terug by die ***beslissende moment*** *van gewetensbinding*, volg die onwillekeurige vraag: Waar staan ons vandag? Nie ook by ŉ Sinode wat mense (hierdie keer) ook teen ***hulle gewete dwing*** om te aanvaar dat ***geslag*** bepalend is vir toelating tot die besondere dienste (ampte) in die kerk nie? Is dit nie ondergrawing van een van die ontstaansbeginsels van die GKSA nie?

Die nawerking van die ontstaansgeskiedenis ken ons: In hierdie verband verwys hy oorsigtelik na hoe die kerk na sy stigting gegroei het en verskeie bakens tot diens van God opgerig het soos kerkgeboue, sendingstasies, `n universiteit en teologiese skool en veral voorpos teologiese besinning. Die Gereformeerdes het bekend gestaan as "verankerde voorposdenkers". Die GKSA was ŉ gerespekteerde kerkverband wat oorwoë en ewewigtige besluite oor moeilike sake kon neem. Die "stem van Potchefstroom" was gereken en geag. Inderdaad het ŉ mens in daardie jare iets gesien van wat ŉ Gereformeerde kerkverband wel vir die koninkryk van God en in die samelewing kan beteken.

Met die tweede fase breek in 1988 ŉ keerpunt in die kerk se geskiedenis aan: ŉ Rapport, (wat 6 jaar afgewag is), oor die plek van die vrou in die kerk, dien by die Sinode. In die besluite oor die rapport vind egter ŉ fundamentele ***verskuiwing in hermeneutiese fokus*** plaas, met groot negatiewe gevolge vir die kerk.

Die kern van die verskuiwing in 1988 was nie soseer geleë in ***die saak van die vrou in die amp (VIDA)***, nie maar in die ***benadering tot verstaan van die Skrif.*** Twee benaderings, wat teenoor mekaar staan, het na vore gekom naamlik, die ***grammaties-historiese-*** met klem op die skopus (duiding) van die evangelie van Christus, en die ***biblisistiese benadering*** met klem op die letter van die teks.

Die resultaat van die verskuiwing blyk uit die Sinode se reaksie op die 1988 deputate-rapport wat aanbeveel het dat vroue stemreg in die kerk mag kry (en dus mag regeer). Hierdie besluit het met ŉ meerderheid stemme geslaag. Oor die vrou in die besondere dienste (amp) *is bevind dat daar geen teks in die Bybel is wat dit gebied of verbied nie en dat daar niks in die Belydenisskrifte of die Kerkorde is wat die roeping en bevestiging van vroue verhinder nie. Die* aanbeveling lui verder letterlik: "In Christus breek daar vir die vrou ŉ nuwe bedeling aan ... Die skopus van die evangelie van Christus wys in die rigting dat vroue deur God geroep en begiftig kan word om op ŉ besondere wyse in sy kerk te dien soos Hy dit goeddink."

Die skopus (die breë duiding) van die evangelie van Christus gee hier die deurslag. Dit is en was suiwer (grammaties-historiese) Skrifhantering! Die openbarings-historiese ontwikkeling (die oopgaan van die roosknop) in die Bybel word gerespekteer. Die teks van die Bybel word ondersoek en sy betekenis word bepaal in die lig van die evangelie van Christus (Christologiese Skrif beskouing). ŉ Nuwe bedeling het aangebreek en daar is voortgaande ontwikkeling in die verstaan en konkretisering daarvan.

Hierteenoor staan die ***biblisistiese benadering***. Dit vergoddelik die teks van die Bybel. Net die letter van die teks en sy onmiddellike betekenis, geld by die verstaan daarvan. Geskiedenis, konteks, skopus en ontwikkeling word ignoreer. Biblisisme lei tot die ernstige dwaling waardeur die leser sy/haar eie verstaan van die Skrif verabsoluteer. Wat ŉ wonderlike getuienis kon daar in die 1988-samelewing van hierdie kerk uitgegaan het! Wat ŉ geleentheid is verspeel! Hier was `ŉ geleentheid om as verankerde voorposdenkers in die kerk en samelewing gestalte te gee aan die nuwe bedeling wat daar vir die vrou in Christus aangebreek het.

By nabaat sien ŉ mens in dat dit ŉ keerpunt was. Die biblisisme het hier bepalende houvas op die GKSA as kerkverband gekry. Dit het gebeur ten spyte daarvan dat dit deur verskeie Sinodes en publikasies veroordeel en afgewys is. Die GKSA Kerkverband het sedert 1988 hoofsaaklik besluite geneem wat ŉ biblisistiese omgaan met die Skrif veronderstel en voorstaan. Dit het in 1988 die GKSA as kerkverband "gekaap".

Toe daar by die volgende Sinode (1991) beswaar gemaak is dat die Skrifhantering van die 1988-besluit a-histories is en uitloop op kasuïstiek (ŉ letter of wet vir elke situasie) het die Sinode dit gedeeltelik toegegee, maar dit nie as belangrik genoeg geag om die besluit in heroorweging te neem nie.

Die derde fase van ons geskiedenis het mettertyd ontvou. Biblisisme het in die praktyk begin om grootliks die onderwerpe en aard van die debatte by die Sinode te bepaal. Tekste is gebuig en forseer om tog maar ten alle koste ŉ letter te vind wat bewys, verplig en dwing om net die beker te gebruik.

Daarna was dit die beurt van die kerklied.

(Vervolg op bls. 5)

Dat die Psalms histories verstaan moet word, is volgens ’n biblisistiese lees daarvan verwerp. Die debatte hieroor was Christene nie waardig nie en het baie van ons laat skaam voel oor wat alles in die Here se naam gesê en gedoen is.

Die derde fase is volgens Wim gekenmerk deur die gebruik/misbruik van die kerkreg om die gewetes van lidmate te bind en na ‘n bepaalde standpunt te dwing. Alternatiewe standpunte is van die tafel gereël of benadeel. Terselfdertyd verskyn daar in die tyd onafhanklike publikasies soos, “Die Kerkpad”, en “Waarheid en Dwaling.” Op voetspoor van ’n biblisistiese lees en verstaan van die Bybel, wou dit as’t ware die Gereformeerde Kerk verskans teen ’n sogenaamde liberale mag in die kerk. Die gesag van die Skrif, sou in gedrang wees, die Belydenis verwerp en gereformeerde beginsels ondergrawe. Op grond daarvan was daar lidmate wat begin dink het dat die GKSA onder bedreiging en in die greep van die liberalisme sou wees.

Wim haal verskeie voorbeelde aan oor skade wat hierdie manier van Skrifuitleg aangerig het. Dit is nie net die naïewe realisme waarmee die Skrif biblisisties hanteer is wat dit veroorsaak het nie maar veral die liefdelose twiste en verdagmakery wat gevolg het. Vir hom is dit opmerklik dat van die aanstigters van soveel kwaad vandag nie meer as predikante dien nie. Maar die skade is gedoen! Die biblisisme soos dit steeds manifesteer en bedryf word, is dus nie ’n onskuldige teoretiese benadering tot die Skrif wat maar verdra kan word nie. Dit gee aanleiding tot liefdelose optredes wat ten spyte van die skyn van vroomheid en regsinnigheid, hard probeer om lidmate en plaaslike kerke wat daarvan verskil, uit die gereformeerde Kerkverband te dryf.

Die optimistiese en opwindende teologie van vertroue (hoe is jy in jou unieke situasie besig om nuwe gestalte te gee aan Gereformeerdheid) wat voor 1988 ons kerkverband gekenmerk het, is deur die biblisisme vervang met ’n teologie van suspisie en wantroue (waar is jy besig om te dwaal?). Briewe in die koerante en sosiale kommentaar wys dat die GKSA hierdeur vir baie mense ’n “irrelevante” kerk geword het wat hom met “irrelevante” sake besig hou en wat mense (veral jongmense) wegdryf.

Die toppunt van die biblisistiese benadering in die kerk was toe die sinode in 2015 die geslag van ampsdraers tot wesenlike saak verklaar het. Die implikasie? Goedkeuring en toevoeging deur die sinode van ’n dertiende artikel (oor geslag) tot die Apostoliese Geloofsbelydenis??

Al hierdie dinge het natuurlik die kerk se lidmaattal beïnvloed. Daar is baie ander faktore wat ’n rol speel in dalende kerklike getalle maar in die GKSA kan die vernietigende effek van biblisisme op die kerk sedert 1988 nie ontken word nie. ’n Groeiende en dinamiese kerk is omgekeer en verander in ’n krimpende kerk. ’n Topswaar struktuur word deur ’n al dunnerwordende stammetjie gedra.

Die tydperk 1988-2009 sien Wim as die tweede fase in die geskiedenis. Dis toe die positiewe Rapport oor VIDA verwerp is, ten gunste van die een wat dit onskriftuurlik verklaar. Al twee hierdie rapporte is beoordeel as suiwer en Gereformeerde eksegese, maar in die sintese of hermeneuse gaan die paaie uiteen. Die een het aanbeveel dat vroue as ouderlinge en predikante kan dien, terwyl die ander een dit afwys. Terwyl daar ’n gesekondeerde voorstel op die tafel was, dat die saak aan die vryheid van die kerke oorgelaat behoort te word, (ala 1859 se versoek) is daar egter die ondeurdagte besluit geneem om tussen die twee rapporte te stem.

Vir sy beoordeling van die verloop van die saak steek Wim lig op by die bekende wetenskapsfilosoof, Thomas Kuhn (1922-1996), se teorie van paradigmaverskuiwings. Kuhn het bevind dat alle paradigma veranderinge/ verskuiwings basies deur drie fases gaan waarvan die ***derde fase deur magspel en politiekery*** gekenmerk word. Dit is die fase waarin Wim die Gereformeerde Kerk tans sien. Die spelreëls is nou die aanwending van mag en kerkpolitiek om doelwitte te bereik. Ons is in `n magspel vasgevang waar daar min ruimte is vir verdraagsaamheid en liefdevolle omgang met mekaar. Geen eksegese of argumente, hoe oortuigend dan ook, is eintlik meer ter sake nie. Die sinode stem “op die lyne”. Dit gaan uiteindelik oor hoe om die meerderheidstem teen VIDA ten alle koste te behou en uit te brei. As voorbeelde van kerkpolitiek in die GKSA, noem hy onder andere:

“Minagting en vertrapping van die gewete; bekookte afvaardiging; geprejudiseerde afgevaardigdes; optrede soos deur Klasses Pta. Moot en NW; aanklag van die rektor van die NWU; triomfantisme; simonie; swak gehalte van antwoorde op besware; bemanning van sleutelposte; nie-toedeling van teologiese studente vir prakties; disfunksionele debatte by sinodes; rol van professore as adviseurs; dreigemente deur afgevaardigdes van buitelandse kerke; ens.”

Dit skep spanning in die kerkverband. In so ’n

(Vervolg op bls. 6)

situasie van spanning en gebrek aan eenheid kan kwalik verwag word dat enige “omkeerstrategie” met sukses deurgevoer kan word.

Wat staan ons dan te doen, vra hy op hierdie punt
Met die oog op die toekoms van die kerkverband bespreek hy die vier opsies:

1. Doen niks nie:
Dit is die standpunt van die meeste lidmate en van sy kollegas tans. Hy noem dit die Hiskia-sindroom want Hiskia het gesê: “Solank daar net in my tyd vrede is” (Jes. 39:8). So praat baie lidmate en dominees vandag: “Solank daar net in my tyd en in my gemeente vrede is. Solank ek net my pensioen kry.”

Vir baie lidmate is die onderwerp (VIDA) nie meer relevant nie. Vroue dien in alle opsigte en in alle posisies as gelykes in die samelewing. Die Skrif verbied dit nie en baie gemeentes oorleef finansieel juis deur die geldelike bydraes en betrokkenheid van vroue. Min lidmate is egter bereid om in ’n kerklik-politieke stryd hieroor betrokke te raak.

Ondertussen is biblisisme die oorsaak van die felle verdeeldheid in ons Kerkverband. Maar ons moet onthou dat geen kerk wat teen sy eie vroue diskrimineer, in die postmoderne wêreld ’n effektiewe getuie van die evangelie van Jesus Christus kan wees nie. Om niks te doen nie, is dalk nie so ’n slegte reaksie nie. Die geskiedenis (kerke in Nederland) leer dat biblisisme homself vernietig. Die oordrewe drang na regsinnigheid en selfgelding lei uiteindelik na ekstremistiese groepe haarklowers wat daarna verdwyn. Wim het geen twyfel dat die biblisisme uiteindelik sal val nie. Die realiteit van die praktyk sal uiteindelik alle besluite en rapporte agterhaal.

Ons durf egter nie niks doen nie. Die kerkverband het, statisties gesproke, nie veertig jaar om te wag nie. As huidige tendense voortduur, sal daar oor veertig jaar, min oorbly van wat vandag vir ons dierbaar is. Uit Wim se voordrag en kommentaar tydens bespreking, was dit duidelik dat ons bekommerd behoort te wees oor die opleiding van voornemende predikante. Dit is `n ope vraag of hulle in die toekomstige wêreld waarin ons en ons kinders en kleinkinders hulle gaan bevind, as geestelike leiers sal kan funksioneer.

2. Terug na die Sinode
Beswaarskrifte sal geen effek hê solank die kerk se spelreëls deur mag van politieke denkpatrone gedikteer word nie. Van die bepaling van afvaardiging tot die keuse van die moderamen, die benoeming van kommissies, die besluite en die notulering daarvan, gaan alles om mag. Hy het dit persoonlik van 2009 af beleef. Al die harde werk en eksegese en argumente – hoopvol en keurig uiteengesit – is geïgnoreer. Hoe om die Sinode van 2018 te benader, is dus ‘n geldige vraag. Hy verwys na sy gemeente se ervaring van voorleggings aan verskeie Sinodes met min om daarvoor te wys. Volgens hom lyk dit of die enigste manier om in ’n tyd van magspel by ’n GKSA Sinode te slaag, sal wees om te oorweeg om self te begin organiseer en kerkpolitiek te bedryf!

Die Gespreksforum (en Wim) se konsensus hieroor was dat dit ons nie betaam om ook ons heil deur middel van so ’n benadering te soek nie.

3 Begin iets nuut
’n Nuwe inslag waar hartlike eensgesindheid, die uitdagings van ons tyd aanvaar en effektief met alle beskikbare gawes, die evangelie van Christus uitleef en verkondig, is voorwaar iets waardig om na te streef. ’n Vrolike kerk, sonder kerkpolitiek, gevul met ware onderlinge Christelike liefde! ’n Kerk vol vertroue en entoesiasme.

Uit gesprekke het dit duidelik geword dat ons kosbare kerk, met sy mooi geskiedenis, suiwer Bybelse belydenis en welomskrewe hermeneutiek nie prys gegee moet word aan die biblisisme nie, veral nie oor ’n middelmatige saak soos VIDA nie. Ons almal wat ons as gereformeerdes sien, moet eerder streef na `’n nuwe gees van hervorming waar liefde en verdraagsaamheid binne die binding van eenheid en verskeidenheid met ’n presbiteriale regeringstelsel die norm is. Die forum was oortuig van die krag van gebed om dit waar te kan maak. Gee dus nie op nie maar hou aan bid en werk. Kerkskeuring werk verwoestend in op verhoudings tussen lidmate en families en moet dus vermy word sonder om die waarheid te versaak. Die mense van ons land het in die tyd waarin ons lewe die kerk juis baie nodig. ’n Verenigde kerk, ’n vrolike kerk! Mag God dit gee!

4 Volg ’n middeweg:
Om ’n middeweg te volg, beteken nie jy is ’n draadsitter nie, want daar is baie dinge wat ons wel kan doen en kan bereik. Dit moet ons fokus wees.

Eerstens: Raak realisties. Sien die situasie onder oë soos dit is. Aanvaar die hartseer realiteit van ’n kerkverband wat homself deur sy besluite skaad. Aanvaar dus die feit dat die toekoms van die GKSA onseker is. Dit is nou die tyd vir gebed en geestelike verdieping en ’n vra na God se wil vir die pad vorentoe.
Aanvaar ook die feit dat nie almal van ons die vryheid wat daar in Christus se boodskap aan ons opgesluit is, op dieselfde manier ervaar en uitleef nie.

(Vervolg op bls.7)

Wees geduldig en verdraagsaam met mekaar. Die geslag van 'n ampsdraer in Christus se kerk mag nooit die toetssteen van ons geloof in Christus wees nie.

Tweedens: Vermy enige kerkpolitiek. Stel jou saak en glo en aanvaar dat God in beheer is. Hy sorg baie beter vir Sy Kerk as wat enige een van ons kan dink om te doen. Moet dus nie betrokke raak by enige magspel nie. Behou 'n positiewe en optimistiese uitsig op die koninkryk van God en sy onstuitbare koms – selfs al misluk die GKSA as kerkverband. Dien die Here gewillig en met vreugde!

Derdens: Vestig sterk gemeentes wat onafhanklik van die sentrale magsbeheer van die huidige GKSA sal funksioneer. Deelnemers aan die gespreksforum het daarop gewys dat eenheid in verskeidenheid, verdraagsaamheid binne `n presbiteriale regeringstelsel, die benutting van alle gawes, (ook die van vroue) en 'n eietydse oop-staan met die evangelie na die wêreld, belangrike boublokke is. Hierdie gemeentes sal ook moet streef daarna om hul lidmate so toe te rus dat, daar waar hulle in die wêreld as dissipels van Christus staan, God in hulle herken kan word. `n Versameling van plaaslike kerke en kerkverband wat mekaar hierin ondersteun, is die toekomsperspektief waarna ons moet werk. Dit is in wese die basis van `n gereformeerde omdraaistrategie vir ons kerk. Dit is die pad van voortdurende reformasie. Ons bede is dat ons hele bestaande Gereformeerde Kerkverband aanhoudend (altyd) sal reformeer. Ons moet voortdurend onsself afvra of ons nog op God se pad is.

Vierdens: Wim glo dat ons juis in hierdie tyd baie energiek en vasbeslote moet wees om daardie dinge te doen wat ons wel kan en moet doen.

Uit die vergadering het daar `n sterk beroep gekom om in die komende tye, die positiewe krag van `n Christologiese lees van die Bybel, wyd te verkondig. Lidmate moet verstaan wat op die spel is. Die uitdaging is om dit so te doen dat ons nie ingesluk word in die huidige afbrekende scenarios van magspel nie. Wim se voordrag is 'n rigtingwyser oor wat die bron van verskille tussen sommige Gereformeerdes is.

VIDA is slegs die oortjies van die seekoei. Verskille in Skrifbeskouing onderlê meeste van die onverkwiklike debatte. Wat ons by die Gespreksforum egter meer ontstel het as die bestaan van die verskille, is die manier hoe die verskille in sommige kringe hanteer word. Liefdelose verguising van mede-Christene wat oor sekere sake anders dink, mag nie deel wees van ons interaksie met mekaar binne die gereformeerde kerkverband nie. Ons is dit as Christene aan mekaar verskuldig om verdraagsaam te wees teenoor mekaar.

Dit beteken nie om beginsels prys te gee nie maar wel om verskille ondergeskik aan die liefdesgebod te stel. Liefde vir God en die naaste moet die een groot alles omvattende kenmerk van Christus se mense wees. Kom ons leef uit hierdie krag, juis wanneer ons verskil. Kom ons benut die verskeidenheid tussen plaaslike kerke om die draagwydte van Sy boodskap aan meer mense te kan uitdra. Ons toekoms as kerkverband is nie veranker in 'n allesoorheersende eendersheid nie maar wel in ons vermoë om ons eenheid in verskeidenheid te kan vind.

Die organiseerders van die Gespreksforum het onderneem om saam met ander lidmate van reg oor die land wat ook sterk voel oor die saak van die vrou in die ampte, aktief hieraan te werk en wel op so 'n wyse dat Christus altyd voorop gestel sal word. Verder ook om 'n opvolg Gespreksforum na die Sinode van 2018, te reël waar ons dan bestek sal opneem oor die vordering wat gemaak is. Intussen gaan ons voort om die Gespreksbriewe uit te gee sodat lidmate ook hulle gedagtes kan vorm en uitspreek oor wat alles op die spel is.

Kom ons bid en werk daarvoor dat God ons 'n gesonde kerkverband sal gee. 'n Kerkverband waaruit ons, in getrouheid aan Sy Woord, in staat sal wees om Christus in 'n vinnig veranderende wêreld te verkondig.

Rapporteur: Theuns Erasmus

UIT ALLE OORDE

ART 31 KERKORDE *EN* DIE BEDIENING VAN CHRISTUS SE KERKREGERING

Die agtergrond

Deur 'n meerderheidsbesluit na meer as 30 jaar se navorsing en oorweging, is uiteindelik beslis dat vrouelidmate nie as ouderlinge of predikante in die GKSA mag dien nie. In April van 2016, pas na die Buitengewone Sinode van Januarie 2016 se besluit (BAS 2016-besluit), neem Klassis Pretoria Moot 'n ongehoorde besluit met die volgende implikasie:

"Met daardie kerke (wat aan die BAS 2016-besluit ongehoorsaam is deur nie hul vroue-ouderlinge af te sit nie, alternatiewelik deur in die toekoms vroue-ouderlinge te bevestig - my invoeging in hakies) ***word alle kerklike verbande , soos in die kerkorde gereël en per sinodale en klassikale afsprake ooreengekom, verbreek."***

(Vervolg op bls. 8)

In daardie kringe wat Klassis Moot se optrede navolg, word onder andere aangevoer dat ***ongehoorsaamheid aan die sinode*** tereg so 'n gemeente buite die kerkverband plaas weens die bepaling van art 31 KO - dat die 2009 Algemene Sinode (hierna die 2009 A Sin) se VIDA-besluit ***"vas en bindend"*** is. Ook die ***verbreking van die gemeenakkoord*** word aangevoer as regverdiging vir die bogemelde handelswyse van die klassis. Want, so word soms geredeneer, die belofte wat gegee word in die Openlike Verklaring (OV) ***om die kerkorde van Dordrecht (1618 - 1619), soos gewysig deur die sinodes van die GKSA***, te onderhou, beteken om ***"elke liewe sinodebesluit van die GKSA tot op die letter te gehoorsaam."***

Hoe raak die "vas en bindend" van art 31 KO 'n gemeente wat in die minderheid stem ten opsigte van 'n sinodebesluit?

> Art 31(a) KO lui soos volg:
> ***Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. in stryd is.*** (Psalmboek 2003, p. 178 asook Art 31(b) Kerkordeboekie 2015, p23.)

Volgens die gewetens oortuiging van die minderheid sinodegangers was die 2009 A Sin se VIDA-besluit 'n fout. Dit wil sê die besluit oortuig nie dat dit in ooreenstemming is met Skrif en Kerkorde nie. Dit plaas gemeentes, wat in die minderheid gestem het in die onbenydens-waardige posisie om te moet kies of hulle die meerderheidsbesluit van die sinode of die Here hulle God, volgens hul gewete, moet ge-hoorsaam, naamlik dat geslagtelikheid geen vereiste is by beroepbaarheid as ouderling of predikant nie.

Die Here God doen sy kerkwerk deur middel van mense. Meerdere vergaderings kan nie daaraan ontsnap dat mensekinders met al hul sondes en swakhede aan God se kerkwerk deelneem nie. Aldus kan die moontlikheid van foute (nalatig en moedwillig) nie uitgesluit word deur gebed en smeking nie, want die Here laat sy wil geskied ook ondanks die sondes (groot en klein) van die mens en van kerke in sinode.

Met verwysing na Mat 11:25 - 27, merk Van der Walt JJ, 167 op : "Die mens, ook in die regering van die kerk, is en bly sondaar, tydelik, tydgebonde en dikwels van alle wysheid sku, gebrekkig in sy insig in sake, en daarom altyd ten volle afhanklik van God wat Sy Seun aan hom moet openbaar as sy Hoof." Die mense in diens van die Here verskil soms te goeder trou vergaderings, onder andere oor ***eksegese van die Skrif***. Vandaar die geykte gebruik om 'n besluit te neem met meerderheid van stemme indien eenstemmigheid 'n vergadering ontwyk. Van die afgevaardigdes by meerdere vergaderings wat in die minderheid stem oor 'n saak, word verwag om hulle neer te lê by die meerderheidsmening en daarby te berus dat hulle afvaardigende kerke die sinodebesluit sal moet uitvoer.

Dit val egter in die oog dat Art 31 KO uitdruklik voorsiening maak vir 'n uitsondering op die "vas en bindend" reël, naamlik dat die minderheid wat daarteen gewetensbeswaar het, mag bewys dat die BAS 2016-besluit met "***die Woord van God of die artikels van die Kerkorde in stryd is."***

Laasgenoemde uitsondering erken die gewetensvryheid van die kerke. Dit beteken dat die minderheid met hul bewyse die saak weer langs die kerklike weg by wyse van besprekingspunt of beswaarskrif of hersieningsaansoek by die sinode ter tafel mag (en móét) bring. Intussen het klasses in die loop van 2016 sittings gehou waartydens gemeentes met vroue-ouderlinge nog nie gereed was met die formulering van hul saak teen die BAS 2016-besluit nie.

Gereformeerde kerkregering op die breë weg?

In twee vorige aflewerings van die Geselsbrief is gewag gemaak van die wyse waarop by sommige klasses beskuldigings van "ongehoorsaamheid aan sinodebesluite" sowel as verdagmakery van sommige se geloofsbriewe, toegelaat is. Slegs die afgevaardigdes van gemeentes met vroue-ouderlinge is geteiken om op hierdie wyse verhinder te word om saam met die res van die vergadering die OV eendragtig te ondersteun. Die gevolglike beslissing deur 'n vergadering dat die betrokke afgevaardigdes hul sittingsreg verbeur, het hulle en hul gemeentes oënskynlik *de facto* buite die Gereformeerde kerkverband gestel.

Sodoende is 'n uiterste strafsanksie summier, dit wil sê, sonder verhoor, toegepas. Dis optrede met al die moontlike implikasies en karakter van kerklike tug. Maar dit is tug wat ver verwyder is van die beginsels van Mat 18; dit ontbeer die eienskappe van geduld, verdraagsaamheid en *audi alteram partem*; dis 'n oordeel en veroordeling van medegelowiges wat die Skrif en al die Kerkordebepalings in verband met visitasie en broederlike vermaning ignoreer. Dis optrede wat die raad en daad wat kerke aan mekaar verskuldig is om alles te help reël wat bevorderlik is vir die vrede, opbou en belange van die kerk, geheel en al minag. Die vraag word "vanwaar Gehasie?"

(Vervolg op bls. 9)

Aan die wortel van hierdie groteske strafmaatreël uit kollegialistiese arsenaal lê die woorde van die inleidingsparagraaf van die OV soos dit in die Kerkordeboekie p125 verskyn:

> *"Voor die Klassis/ Sinode sy werksaamhede begin, word die onderstaande verklaring voorgelees wat deur elke lid toegestem moet word* ***anders verbeur hy sy sitting in die Sinode."***

Die deputate van opvolgende sinodes wat hierdie verbeuringsbepaling telkens in hersiene weergawes van die Kerkordeboekie indra, moet tog maar aandui wat die oorsprong en beginsel agter hierdie verbeuringsbepaling sou wees.

Hierdie vreemde verbeuringsbepaling is sedert 1862 tot 2009 en daarna deur geen enkele sinode oorweeg of goedgekeur nie. Dit gaan die Skrifeise van Mat 18, die Belydenis, die KO van Dordrecht en die sinodes van die GKSA tot vandag toe verby en open die weg na 'n liefdelose strafsanksie sonder verhoor. Asof klasses en ander meerdere vergaderings buite die Skrif om, naas en bo-oor kerke gesag voer, sonder om hoegenaamd Christus se regering te bedien.

Daar is geen ander voor-die-hand-liggende verklaring vir die gedrag van klasses wat Klassis Pretoria Moot hierin nadoen nie. Dit is 'n uiters ironiese en teleurstellende toedrag van sake aangesien in Gereformeerde geledere (die vernaamste pleitbesorgers vir presbiteriale kerkregering), daarna gestreef word om te kan sê "die Heilige Gees en die klassis/ sinode het besluit".

'n Uitnemender weg met VIDA

Eerstens moet afstand gedoen word van die pretensieuse verskonings hierbo om kerke wat in die minderheid gestem het met betrekking tot die 2009 A Sin se VIDA-besluit summier "buite die kerkverband van die GKSA te ag." Hierdie verskonings is die volgende:

1. ."***Ongehoorsaamheid aan die sinode."*** Ongehoorsaamheid wat gepaard gaan met ongeërgdheid, opset, minagting en opstandigheid word deur al ons kerkreg-skrywers aangewys as oorsaak dat 'n kerk buite kerkverband te lande mag kom. Maar dan ook eers na liefdevolle toenadering tot mekaar asook nadat broederlike bearbeiding hartgrondig van mekaar in meerdere en vermaning tot die uiterste beproef is. Alle aanduidings is dat die kerke met vroue-ouderlinge dusver met die grootste verantwoordelikheid langs die kerklike weg hulle op die sinode sal beroep om 'n diepgaande gewetensprobleem tot ruste te bring.

Daar is geen sprake van minagting of van opstandigheid teen die sinode nie, maar liefde en broederlikheid ontbreek geheel en al uit die benadering wat hierdie kerke sonder verhoor (outomaties?) "buite die kerkgemeenskap ag." Visser J, Die Kerkorde133, voer tereg aan : "Indien die uitvoering van 'n besluit waarteen beswaar bestaan, gewetensdrang sou meebring, mag dit nie as vas en bindend gehou word nie."

1. "***Verbreking van die gemeenakkoord."*** Die "gemeenakkoord" dui op 'n stilswyende ooreenkoms wat tussen die kerke in kerkverband tot stand kom deur middel van 'n noodsaaklike en ondubbelsinnige implikasie vanuit 'n spesifieke artikel of kombinasie van artikels van die KO.[1]

Daar is geen meriete in 'n beroep op die gemeenakkoord deur middel van inlegkunde nie. En dit is gewoon inlegkunde om te redeneer dat die belofte wat in die OV gegee word "***om die kerkorde van Dordrecht (1618 - 1619) soos gewysig deur die sinodes van die GKSA te onderhou,"*** beteken om "elke liewe sinodebesluit van die GKSA tot op die letter te gehoorsaam." As dit so was dat "elke liewe sinodebesluit" sedert kerkstigting tot op die letter gehoorsaam moet word, waarom word slegs kerke wat enkel en alleen teen die 2009 A Sin se VIDA-besluit sou sondig "buite die kerkverband geag?" Verder ontstaan die vraag hoe op aarde elke liewe sinodebesluit van die GKSA 'n wysiging van die KO van Dordrecht (1618 - 1619) kan meebring! Dit lyk na 'n heeltemal geforseerde en ondeurdagte standpunt.

Die enigste bepaling wat direk gehoorsaam-heid aan sinodebesluite verg is art 31 KO, hierbo aangehaal. Dit is 'n bepaling met 'n duidelike uitsondering ten gunste van diegene wat ten opsigte van 'n sinodebesluit, op gewetensgronde in die minderheid stem.

(Vervolg op bls. 10)

[1] Vergelyk Kruger LS et al, 191:"Dit is 'n ordereëling van 86 artikels wat 'n ooreenkoms uitdruk en 'n gees adem soadat al 86 artikels gelyktydig toegepas moet word" en nie 'n wet of reglement is wat per artikel toegepas word nie. Kyk ook Visser J, Die Kerkblad 30: "Kerke in kerkverband gee dus stilswyend hulle erewoord aan mekaar om sekere dinge te doen en ander dinge na te laat, ooreenkomstig die gesamentlik-aanvaarde belydenis, liturgie en kerkregering.

Daar is eenvoudig geen bepaling van die KO wat ongekwalifiseerde gehoorsaamheid aan sinodebesluite voorskryf nie, want so 'n bepaling sou die kerke hul gewetensvryheid ontneem en Christus as Koning en Hoof van die GKSA na die kroon steek. Dus kan daar ook geen sodanige gemeenakkoord wees en dus geen verbreking dáárvan nie. En aangesien daar geen artikel van die KO aan meerdere vergaderings direk of indirek summiere tugbevoegdheid oor plaaslike kerke verleen nie, is daar eenvoudig ook geen "gemeenakkoord" wat sodanige bevoegdheid verleen nie.

'n Beroep word ten slotte op kerke en meerdere vergaderings gedoen om doeltreffend toe te sien dat afgevaardigdes nie die mees basiese uitgangspunte van die Gereformeerde kerk-regering (dit wil sê, van die bediening van Christus se kerkregering) inruil vir vreemde, afbrekende oplossings soos dié in die aanhef tot die OV nie. Onder die pynlike toestand wat sedert BAS 2016 vir sommige van ons kerke ingetree het, is dit geheel en al onvanpas dat ons ons haas om mekaar te etiketteer, te vervreem en uitmekaar te dryf. Paulus pleit in Rom. 12: 10(b) (NDV): "Wees gretig om aan mekaar respek te betoon."

Ons is dit aan die Koning van die Kerk verskuldig om Sý regering te bedien en sodoende in alle liefde en verdraagsaamheid van mekaar te verskil. Liefde en verdraagsaamheid is nodig om die kerke met gewetensbesware teen die 2009 A Sin VIDA-besluit, geleentheid en vrymoedigheid te gee om die saak van VIDA weer ter tafel te bring.

Hans Malan

Bronnelys

1. Aanhaling (Rom. 12) uit **Die Nuwe Testament en die Psalms**: 'n Direkte vertaling (2014). Bybelgenootskap van Suid-Afrika
2. **Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika** 2015, GKSA (CJBF)
3. Kruger LS *et al,* 1966. **Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika**. Pro Rege Pers Beperk
4. **Psalmboek in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika** 2003, NG Kerk-Uitgewers, Wellington
5. Van der Walt JJ, 1976. **Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering**. Potchefstroom, Pro Rege
6. Visser J, 2006. **Die Kerkorde in Praktyk**, Queenswood, Die Boekuitgewers
7. Visser J. **Die Kerkblad**, 'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Oktober 2009

DIT LAAT MY WONDER

WEEREENS: WESENTLIK/ NIE-WESENTLIK EN DIE AMPTE IN DIE KERK VAN DIE HERE

My vertrekpunt en die vrae wat ek daaroor het:
Die Beskrywingspunt deur Klassis Pretoria Moot (19 April 2016) soos opgesom: Kerke wat vroue as ouderlinge en predikante bevestig (of bevestig het), handel in stryd met besluite van Nasionale en Algemene Sinodes ,1988, 2009 en 2016 en **skei hulleself daardeur *de facto* van die kerk-verband van die GKSA af.** (Beskrywingspunt p1).

Veral een van drie motiveringstellings deur die Klassis:

"Die kerke het ook in 2015 uitgespreek dat ***die saak oor die vrou*** *in die leer- en regeeramp* 'n wesenlike saak is.

"Dit het te doen met **die wese van die kerk van Jesus Christus en die gehoorsaamheid aan sy Woord."**

Hoe ek die punt wat gemaak word, verstaan:

Geslag ("saak van die vrou") in die amp van predikant of ouderling in die kerk van Christus, is een van die **kenmerke** van die **wese van die kerk van Christus.**

Daaruit volg:
As jy wil vasstel of jy jou in die kerk van Christus (die ware kerk) bevind, moet jy seker maak dat dit *onder andere*, voldoen aan **hierdie wesenskenmerk, naamlik dat daar geen vroue nie, maar net mans in die leer- en regeerampte dien.**

Daarom wonder ek oor, en wil ek weet:

- As die ***saak-van-die-vrou-in-die-leer-en-regeeramp*** tot die wese van die kerk behoort, moet ek aflei dat die ***saak-van-die-leer-en-regeeramp*** ook tot die **wesenlike** van die kerk behoort?
- Wanneer gepraat word van die *saak-van-die-vrou,* kom die *saak-van-geslag* in die spel. Volg daaruit dan dat **geslag** bepalend is vir die wese van die leer- en regeeramp en daarom ook van die wese van die kerk?

(Vervolg op bls.11)

- As geslag nie by die diaken amp bepalend is vir die wese van die amp nie (vroue word wel tot die diaken amp toegelaat), behoort die diaken amp dan ook nie tot die wese van die kerk nie?
- By die twee bekende teks (gedeeltes) uit die briewe van Paulus, waarin die vrou moet swyg omdat haar man haar hoof is, vind ek 'n orde van respekvolle onderdanigheid (vgl. 1 Kor. 14:34 en 1Tim 2:11-12). Moet ek hieruit aflei dat daar in die verhouding, leer-en regeeramp tot diaken amp (waar vroue wel toegelaat word), sprake is van so 'n rangorde?
- Het ons, dus waar vroue wel mag dien, te doen met 'n mindere (laer) amp (waar onderdanigheid nie geld nie)? En waar net mans mag dien, met 'n meerdere amp (waar, onderdanigheid wel geld)? Impliseer die diakenamp nie ook aspekte van "leer en regeer" in Christus se Naam nie? (Vgl. Hand. 6:8-10 en 7:1-54, waar die **diaken** Stefanus vol van die Heilige Gees, soos Jesus, dié leermeester self, die wet en die profete tot op die vervulling daarvan in Jesus Christus, vir die Joodse Raad uitlê.
  So ook die diaken Filippus wat met groot seën in Samaria preek (Hand 8: 4 ev.) en later die Jesaja profesie wat die ontmande Etiopiër nie kon verstaan nie, vir hom uitlê, ja en hom selfs doop (Hand 8:4-40). Sprake dus van ***leer en sakramentsbediening*** (die terrein van die leer- en regeeramp). Die vraag is of diakens (volgens die Skrif) vandag ook op die manier mag dien? En as dit vroulike diakens is…?
- Hoe dink ons oor die ***amp van die gelowiges*** in terme van wesenlik en nie-wesenlik? Waarin bestaan hierdie amp? Wie dien in hierdie amp? Hoe wesenlik is hierdie amp in die kerk van Christus? En hoe is dit wesenlik in terme van wat hulle mag en nie mag doen nie. Geld ***geslag*** dus ook hier as kriterium, soos by die leer- en regeer ampte, vanuit die onderdanigheidsmotivering? Lê dit in rangorde op die heel laagste vlak, (te meer omdat hier ook onmondige kinders by is)?

My slotsom en bevryding:

Ek haal vryer asem wanneer ek vind dat nie die Formuliere van eenheid, of die Nederlandse Geloofsbelydenis, of die Heidelbergse Kategismus, of die Dordtse Leerreëls, wat dit spesifiek oor die uitverkiesing het, verwys na geslag as bepalende faktor vir wat kerk van Christus is nie, (die wese dus).

"*By hierdie kerk hoort almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag, en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees... Hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar "(per implikasie… hoe klein ookal)" Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan, of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig." (NGB Art 27)*

So vertoon die kerk vir my 'n veelkleurige (wesens)beeld van eenheid-in-verskeidenheid en verskeidenheid-in-eenheid en so vind elkeen in die Woord van die Here ruimte om kerk van Christus, byeengeroepenes deur Hom, te bly.

Oor roeping wonder ek dus nie wanneer ek lees…

Twice in Matthew's account, both in the angel's and in Jesus' own words to the women, the reassurance is followed by the ***commission***: ***"Don't be afraid; Go and tell…"*** (Preek Ockert Meyer), en

Die Samaritaanse vrou wat, nadat sy Jesus gehoor het en toe geweet het Wie Hy is wat met haar praat, haar kruik by die put los, na die dorp gaan en vir die mense sê**,... *kom kyk self...***

En as die opgestane Here in die tuin, Maria by haar naam roep en haar stuur... ***Gaan na my broers en vertel hulle...***

Thea Heckroodt

Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.
(Kol. 2:8)

DIE PAD VORENTOE

'N OORSIG EN BESINNING OOR WAT TOT DUSVER BEREIK EN GEDOEN IS ITV VIDA EN DIE CHRISTOSENTRIESE WYSE WAAROP ONS DIE PAD VORENTOE MOET EN GAAN LOOP

Liewe Gespreksbrief leser,

Dit is nogal die moeite werd om 'n vinnige opname te maak oor wat ons sover uit al die bydraes tot die twee Gespreksforums en vyf Gespreksbriewe waarby ek betrokke was, geleer het.
Opsommend sou ek sê dat daar 'n sekere **verwarring bestaan oor verskille** wat ons Gereformeerd-wees onderlê. Ek noem net 'n paar:

Verskille oor vroue in die ampte (VIDA): Dit was die stimulus vir die begin van die Gespreksforums en Gespreksbriewe en wat op die ou end net die oortjies van die seekoei blyk te wees. Daar is dieperliggende sake wat hierdie betrokke verskil onderlê, onder andere, ons as Gereformeerdes se onvermoë om verskille op 'n sinvolle manier te hanteer. Daar is êrens iets fout dat ons nie verskille van hierdie aard kan hanteer nie.

Oor die betekenis van eenheid IN verskeidenheid vir die kerkverband: Goeie begrip hieroor ontbreek en ons trap nog dikwels in die slaggat om eenheid met eendersheid te verwar.

Verskille oor hoe ons die Bybel hoor/lees, verstaan en toepas: Christologies-lees en biblisisties lees lei tot verskil in verstaan. Toepassing in die praktyk loop dan uiteen. 'n Eeu-oue probleem wat steeds lidmate verwar maar wat met die regte gesindheid en gesprek, oorkom kan word.

Die Betekenis in praktyk van die presbiteriale kerkregeringstelsel : Dit het 'n groot impak op die rol wat meerdere vergaderings (Klassis, Streek Sinode, Sinode) in 'n plaaslike Kerk se werk en lewe kan/moet/behoort te speel asook op die verhouding tussen plaaslike kerke. Die begrip "gemeente" wat in die kerklike volksmond gebruik word, ongeag of ons van 'n kerk met 'n kollegialistiese kerkregeringstelsel of byvoorbeeld van die Gereformeerde Kerk met haar presbiteriale kerkregeringstelsel praat, laat ons soms onbewus ooreenkomste trek wat verwarrend is.

Die rol van die Kerkorde: Hierdie riglyn wat oor verskeie eeue aan ons deurgegee is, is 'n waardevolle rigting gewende ordeskeppende dokument maar ons moet erken dat daar sommige orde reëlings is wat net nie meer ter sake is nie. Of dit nie al reeds `'n probleem op sy eie is nie, word die gebruik daarvan verder gekompliseer deurdat sommige van ons optree asof die orde reëlings op dieselfde vlak as die tien gebooie lê, en hanteer dit dan as 'n stel addisionele wette wat van God af kom. Ons moet ernstig herbesin oor hoe ons die inhoud van sommige van die orde reëlings asook die wyse van die Kerkorde aanwend om verskille te probeer besleg.

Ons (soms ongelukkige) hantering van punte van verskil: Dit veroorsaak spanning in die kerkverband . Nydigheid in optrede en argumentvoering tussen lidmate en kerkleiers onderling, betaam ons nie. Eerlike selfondersoek en hartsverandering, sal ons hierin help.

Oplossings: In persoonlike gesprekke het dit my opgeval dat nie een van die kwessies wat tans verdelend inwerk, onoplosbaar is nie. Met die nodige gesindheid en onder leiding van die Heilige Gees kan Gereformeerde Kerke weer lewenskragtig wees wat die Hoof van ons kerk, Christus, waardig sal wees.

Ons beplan dus om in die volgende paar Gespreksbriewe, meer insig te probeer kry en aan die lesers deur te gee, oor van die kwessies wat hier aangesny is. Kom neem deel aan die gesprek. Wat is jou mening oor hierdie en ander oorsake wat kan lei tot versteuring van verhoudings onderling? Ons moet in die toekoms juis meer konsentreer op daardie sake wat ons as Gereformeerdes in verkillende plaaslike kerke as gemeenskaplik ervaar wat die boublokke kan wees vir ons toekomstige verhoudings.

Ons sal nie groei ***as ons net op verskille bly hamer nie***. Die Gereformeerde kerk het 'n stewige fondament waarop ons kan voortbou maar ons moet dan ook daardie jakkalsies wat neig om die kerkwingerd so stadig maar seker verwoes, raak te sien en aan te spreek. Kom ons werk biddend aan oplossings. Daar is te veel op die spel om niks te doen nie. Kom ons help mekaar!

Die Sinode van 2018 is om die draai en ons almal wat die Gereformeerde Kerk se toekoms op die hart dra, moet bid en werk sodat dit 'n "keerpunt Sinode" sal wees. Die volgende Gespreksforum word beplan om na die Sinode van 2018 plaas te vind. Kom ons hoop en vertrou dat ons by daardie Gespreksforum sal kan getuig dat daar groot hartsveranderinge was en dat die Sinode 'n vernuwende Christus gefokusde koers ingeslaan het.

Mooi loop in Christus

Theuns Erasmus,
Sameroeper
7 Mei 2017